TOULEIER **Kaapse Waterfront**

Ons kom skep asem in Suid-Afrika

Hoofstuk 4 Deel 1

Na Suid-Amerika is ons eers weer ’n bietjie terug Suid-Afrika toe. Nie juis uit eie keuse nie. Ek het bloot te lank gewag voor ek weer begin rondkyk het vir ’n volgende projek. Wanneer mens jouself skielik tussen kontrakte en sonder ’n inkomste vind, leer jy vinnig om nie te wag tot hulle als heeltemal klaarmaak nie. Ek wou nog aanbly in Chili en het bly hoop daar kom nog werk. Dit gebeur toe nie.

Druipstert het ek toe maar weer by die myne gaan aanklop. Die keer by Elandsrand naby Carletonville. Ses maande uitgehou, byna weer net so diep onder die aarde as wat ek bokant dit gewerk het in Peru se gebergtes. Mens het nodig om weer bietjie so swaar te kry. Dit maak die weggaan weer maklik. So ’n diep donkerte is nie vir die gewone oppervlaktebewoner bedoel nie. Veral wanneer jy jou mynlampie afsit en jy kyk vir jou hand hier vlak voor jou gesig, en jy sien niks. Jy weet net hy is daar. Dan besef jy daar moet ’n beter manier wees om ’n lewe te maak as twee kilometer onder die grond, waar net die warm gesteentes en die stemme in jou kop met jou praat.

Uiteindelik kom my vorige baas in Lesotho tot ons redding. Edwin Schulz en sy vrou Dirkie het intussen uitgewyk na Taiwan waar hulle besig was met die wêreld se duurste privaat befondsde projek. Met hulle honde en katte en als. Oor die tweehonderd kilometer se sneltreintrajek vanuit Taipei in die noorde van die eiland, tot in Kaohsiung op die mees suidelike punt.

“Hier is ’n hele klomp van ons uit Lesotho,” het Ed laat weet. Ek het dadelik aansoek gedoen. Met die moontlikheid van ’n goeie inkomste wat voorlê, het ons ’n woonstel in Sandton gekoop met die idee om dit te verhuur terwyl ons oorsee werk en sodoende ook te sorg dat ons darem ’n plekkie het om eendag na terug te kom.

Die Verre Ooste is soos sy naam sê, regtig ver. Wat hom nog verder maak, is die feit dat jy daar nie eens met Engels oor die weg kan kom nie. Dis moeilik genoeg om as mense nie die taal kan praat nie. Wanneer jy egter agterkom dat jy dit ook nie kan skryf nie, begin jy sommer baie dom voel.

Alles is in Sjinees, selfs die padtekens. Probeer nou by ’n plek uitkom as jy nie kan lees, skryf of praat in die taal nie. Doofstom en blind. Hier en daar is nog ’n Romeinse nommer maar geen, soos in geen letters nie. Als is in Sjinese prentjieskrif. Hiëroglieë.

Die Taiwanese het darem toe al begin besef hulle sal ook Engels moet leer. Dis hoekom daar juis so baie Suid-Afrikaners op die Eiland is; om die kleintjies en die grootmense Engels te leer skryf en praat Wat hulle nie besef het nie, is dat hulle kinders sommer op die koop toe ook ’n hele klomp Afrikaanse woorde bygeleer gaan word. Veral deur gefrustreerde onderwysers.

Omdat kamermaatjie so pas begin werk het by 'n plek in Sandton, het ons besluit dat ek weer vooruit sal gaan vir die drie maande proefperiode. Sommer ook om uit te kyk vir ’n bekostigbare blyplek.

Indien dit dan nie uitwerk nie, sal sy darem nog ’n inkomste hê as ek moet terugkom. So gesê, so gemaak. Na baie ure in die lug en ’n vinnige oorstap in lekker ou Hongkong, kom ek in Taipei aan. Jy kon netsowel in ’n warm oond ingestap het.

Hennie Greeff
UITGEWER
Onrusrivier
pos@onsdorp.com

Om die kampvuur

Waar kom Afrikaans vandaan?

Afrikaans is 'n familie van dialekte. Die Afrikaanse spreektaal lyk anders as Standaardafrikaans (wat ons ken as die Afrikaanse skryftaal). Afrikaanse flaaitaal, Kaapse Afrikaans en Noordwestelike Afrikaans lyk byvoorbeeld heel anders. Soos ons Afrikaans se voetspoor volg moet ons sover moontlik rekening hou met die tekens van al sy verskillende dialekte/variante.

Dit gaan dus nie net om die spore van hedendaagse Standaardafrikaans nie. Dis interessant om te weet dat die verskillende vorme van die Afrikaanse omgangstaal baie ouer is as Standaardafrikaans.

Afrikaans was tot na die helfte van die negentiende eeu net 'n spreektaal. Toe eers is daar begin om Afrikaans op verskillende plekke, op verskillende maniere, en met verskillende oogmerke in gedagte, te skryf.

Die stene waarmee Afrikaans gebou is, is in 1595 gelê.

"Die oud volk altyd zoo makum en daarom ons ook zoo makum." Met hierdie sinnetjie regverdig 'n segsman van die Khoi-Khoin in 1727 die behoud van hulle ou gebruike teenoor die reisiger Kolbe.

Meer as 'n eeu voordat Kolbe hierdie sin neergeskryf het, het die Kaapse Khoi-Khoin begin om 'n nuwe kontaktaal te praat. Die taal het ontstaan uit die situasie wat ontwikkel het toe die Khoi-Khoin en die skeepslui van Nederlandse skepe, wat sedert 1595 die Kaap begin aandoen het, mekaar beter probeer verstaan het sodat hulle ruilhandel beter kon vlot.

Die Afrikaanse taalgeskiedenis begin dus na regte eerder in 1595 as in 1652. Hierdie aanleerderstaal van die Khoi-sprekers toon 'n verskeidenheid ooreenkomste met latere Afrikaans en word daarom as Khoi-Afrikaans beskou.

Kennis van Khoi-Afrikaans uit hierdie tydperk word betrek in die gesprek oor die vorming van Afrikaans. Die Afrikaans van die Khoi kon nie uit Nederlands na Afrikaans verander het nie. Die Khoi het nooit Nederlands gepraat nie!

Daar is 54 gevalle van Khoi-Afrikaans voor 1652 opgeteken wat deur prof Christo van Rensburg behandel word met die bespreking van data wat tussen 1595 en 1652 gedokumenteer is.

Donkiejare laas

Hierdie donkiejare is 'n vertaling van 'n flater wat reeds in die Engelse weergawe sit.

Die uitdrukking lyk nou onlogies aangesien die jare van 'n donkie nie noodwendig so lank is as wat mens sou dink nie.

In Engels is die uitdrukking beslis donkey's years, maar dit was oorspronklik as long as donkey's ears, dus so lank as die ore van die donkie.

Dit het reeds daar verbrou geraak tot donkey's years, en ons het blindelings in Afrikaans vertaal.

Annerlike Afrikaans

KERKHOFBLOM –
Hy is 'n regte ou kerkhofblom (grys hare as teken van ouderdom en die naderende dood).

VOLKASTROL –
Dit gaan volkastrol (voor die wind).
Hy kom volkastrol die bult af (vinnig).

KAT –
Iemand vertel dat 'n kat kan eiers lê (die onmoontlike wysmaak).

Katjies laat drink (gesê van 'n man met oop hempsknope).

KATOEN –
Katoen op die Hoëveld plant (iets aanpak wat tot mislukking gedoem is).

*Uit Annerlike Afrikaans, Woordeboek van Afrikaanse kontreitaal; deur Anton F. Prinsloo.

Afrikaanse woorde vir dagga:

boom; elektriese spinasie; giggelgras; karatetwak; laggras; papegaaislaai; rondkyktwak; wilde pietersielie

Giggels

As jy 'n giggel wil deel, vonk dit aan pos@onsdorp.com

WATWO TROU?

Seuntjie aan oujongnooi wat by sy mammie sit en teedrink:

"Hoekom het tannie nooit getrou nie?"

"Ag," sê sy, "ek het 'n papegaai, 'n hond en 'n kat. Saam is hulle nes 'n man: Die papegaai vloek vreeslik, die hond poep gereeld en die kat loop saans rond."

BAIE BESIG

Ek het onlangs 'n ingenieursvriend gebel en gevra wat hy deesdae doen.

Hy sê toe hy is tans onder groot druk besig met die aqua-termiese behandeling van keramiek, aluminium en staal.

Ek was baie beïndruk totdat ek hom meer uitgevra het en ontdek dat hy besig is om borde, potte en panne met warm water onder sy vrou se toesig te was.

VERSEKERING

'n Prokureur en 'n ingenieur sit voor 'n duur hotel in Durban en ontspan.

Prokureur: "Ek kan dit bekostig want my duur huis het afgebrand en die versekering het R20 miljoen uitbetaal."

Ingenieur: "Ek is hier omdat my duur huis deur 'n vloed oorstroom en vernietig is en die versekering het R25 miljoen uitbetaal."

Ná 'n lang stilte vra die prokureur: "Hoe begin mens 'n vloed?"

GROOT ORE

Die hoof van 'n skool êrens in die Vrystaat roep die leerlinge byeen en verduidelik aan hulle dat die nuwe onderwyser baie sensitief is oor sy groot ore. Hulle moet asseblief nooit daarna verwys in enige bynaam wat hulle hom gaan gee nie.

Hy het toe sommer dadelik by hulle bekend gestaan as Petrus Steyn.

•Indien hierdie grappie nie vir jou snaaks is nie, kyk onderaan blady 8 vir 'n wenk.

IERSE HUMOR

Drie Iere raak gepleister en bevind hulle op pad huis toe in 'n begraafplaas.

"Kom kyk hier," sê Paddy. "Dis Michael O'Grady se graf. Goeie genugtig, hy het 87 gehaal!"

"Dis niks," sê Sean. "Hier lê Patrick O'Toole. Hy is op 95 oorlede!"

Net toe roep Seamus uit: "Goeie dooie donner! Hier is 'n ou wat 145 geword het!"

"Wat was sy naam?" vra Paddy.

Seamus struikel 'n bietjie rond en kry 'n vuurhoutjie om te sien wat nog op die grafsteen staan, en roep uit "myl na Dublin."

Ek is dalk 'n skisofreen, maar ten minste het ons mekaar.

PEANUTS deur Schulz

Uit die Wakis

Stories vir die vaak

Vreemde voorval op die Carlton Centre

COR NORTJÉ is een van die SAUK se legendariese omroepers. Hy vertel soms stories oor die oudae, soos hierdie een:

Ek en Alewyn Lee, destyds taaladviseur van die SAUK, staan deur sy venster en kyk na die vyftig-verdieping hoë hyskraan wat besig is om die Carlton Centre oorkant die straat te bou.

Ek sê ek vrek as ek die man in die glaskas bo-op die hyskraan se werk moet doen en elke dag daar moet opklim.

"Nee," sê Alewyn, met daardie sensitiewe stem met die ryk infleksies waarmee hy stories vir kleuters oor die radio vertel. "Hulle is nie vreeslik emosionele mense nie. Hulle sit sommer etenstyd op daardie balk in die son hulle toebroodjies en eet."

Ek ril. Hy sê: "Die anderdag het een mos daar afgeval."

"Wragtig? sê ek.

"Ja, hy het so 'n ent op daai arm geloop om te gaan piepie."

Ek kyk bietjie skepties na hom. Hy sê: "Kyk, die piepie kom mos nie juis op die grond nie. Die wind verwaai dit en dit verdamp lank voor dit die grond tref."

Dit maak vir my sin. Dit is vrek hoog en dit is warm.

"Hy was natuurlik bietjie versigtig. Want dié dag het hy 'n leerling gehad wat hy moes oplei, en vir diê het hy gesê om weg te bly van die hefbome en skakelaars, want hy gaan gou piepie. Maar dié, ek weet nie wat hy gedink het nie, raak toe aan iets verkeerd, en die arm swaai onder die man uit en daar val hy."

Nou begin ek agterdogtig word oor die storie. Ek sou darem seker daarvan gehoor het.

Alewyn sê: "Dit was 'n hele gedoente. Daar was 'n hofondersoek, en die hele wêreld het kom getuig. Sien jy daai woonstelblok, daar links? Daardie balkon op die vierde verdieping? Nou, die vrou wat daar woon, was buite op haar balkon, besig om haar varings nat te gooi, toe hy wydsbeen hier teenaan haar verbyval.

Sy het getuig dié man was 'n seksmaniak. Want sy sien duidelik sy gulp is oop en hy het sy sambok in sy hand, en hy sê: "Doos!"

Dis toe nie saagsels nie!

'n Besoeker uit die stad stop in 'n klein myndorpie in Amerika wat die reputasie het dat sy klante uiters gewelddadige karakters is wat altyd reg is om te baklei.

Die nuweling stap rustig by die plaaslike kroeg in, waar hy die enigste besoeker is. Hy begin met die kroegman gesels.

"Ek is dol oor die outentieke atmosfeer van jou kroeg," sê hy.

"Jy het die ou Weste se gees heeltemal herskep, tot by die saagsels op die vloer."

"Dit is nie saagsels nie," antwoord die kroegman. "Dis wat oor is van gisteraand se kroegmeubels."

DUBBELE BEROEP

In 'n klein Karoodorpie was die polisieman sommer ook die veearts. Sy foon lui een aand laat, en sy vrou antwoord. "Het julle sy hulp as polisieman of as veearts nodig?" vra sy aan die ontstelde inbeller. "Albei," antwoord hy. "Ons kan nie ons hond se kake oopkry nie en hy het 'n inbreker in sy bek."

BLY KALM!

"Dokter, ek het 'n teelepel ingesluk!"
"Toemaar. moet net nie roer nie."

Hoekom sien jy nooit dooie pikkewyne nie?

Die pikkewyn is 'n baie gewoontevaste voël en lei 'n baie geordende en komplekse lewe.

Pikkewyne is gesinsgebonde en paartjies sluit lewenslange verhoudings.

As 'n dooie pikkewyn op die ys gevind word, kom die ander lede van sy familie en sy sosiale kring saam en grawe 'n gat in die ys. Hulle rol dan die dooie maat in die gat, vorm 'n kring om die vars graf en sing:

"Freeze a jolly good fellow
Freeze a jolly good fellow."

Goeie raad teen snork

Die manne is op 'n jagplaas.

Niemand wil met Koos deel nie want die man snork verskriklik. Iemand moet egter en hulle besluit om maar beurte te maak.

Gert is eerste en by brekfis kan die manne aan sy deurmekaar hare en rooi oë sien die nag was lank vir die man. Hulle vra hom hoe dit gegaan het. Hy sug en se hy het maar die heel nag net vir Koos lê en luister, nie 'n oog toegemaak nie.

Selle gebeur met Jan, hy lyk ook maar oes en vertel die manne hy het ook maar net daar gesit en vir Koos gekyk en geluister.

Die derde ou was Freddie.
Die volgende dag kom Freddie perdfris en met helder oë daar aangestap en hulle sien ou Koos is die een wat maar sleg lyk.

Die manne wil weet.

Freddie sê: "Toe ons gisteraand gaan inkruip, het ek Koos se kombers vir hom ingevou, hom so op die boude geklap en 'n nagsoentjie gegee. Koos het toe die heel nag kiertsregop vir my sit en dophou."

SNAAKSE MENSE

Ons Suid-Afrikaners is snaakse mense.
As ons depressief voel dan suip ons.
As ons iets wil vier dan suip ons
As ons niks het om te doen nie, dan suip ons.
Daar is groot fout mense!
Bring vanmiddag jou dop, dan praat ons hieroor.

Die mans veg terug

Haar werk is om te kla. My werk is om haar rede te gee.

- Hoekom is vroue se voete kleiner as mans s'n?
Sodat hulle lekker naby aan die opwasbak kan staan.
- Hoekom is 'n wassery 'n slegte plek om 'n vrou op te tel?
Want as sy nie eers 'n wasmasjien kan bekostig nie, sal sy nooit in staat wees om jou te onderhou nie.
- Hoe maak jy 'n vrou se horlosie heel?
Jy los hom stukkend. Daar is mos 'n klok op die oond.
- Jou hond blaf by die agterdeur en jou vrou skree by die voordeur. Wie laat jy eerste inkom?
Die hond - hy bly stil as hy in die huis is.

SONDAGKOERANT

Die inbeller was baie ontsteld en het die koerant-kantoor gebel om te hoor waar haar Sondagkoerant is. Dis haar plesiertjie nadat sy in die kerk was.

"Mevrou," sê die werknemer, "dis Saterdag. Jou koerant sal môre afgelewer word, wanneer dit Sondag is."

Ná 'n lang stilte antwoord die vrou, al mompelend:

"Wel, dit verklaar natuurlik ook hoekom daar vandag niemand by die kerk was nie."

GROOT GESUKKEL

Die man loop in die straat en sien 'n Afgaan op die vyfde vloer van 'n woonstelblok besig om 'n tapyt uit te skud.

"Wat skort, Abdul?" vra hy. "Sukkel jy om op te styg?"

Hier is dit anders!

♦ As jy die Afghaanse grens onwettig oorsteek, word jy geskiet.
♦As jy Saoedi-Arabie sgrems onwettig oorsteek, land jy in die tronk.
♦Steek jy die Chinese grens sonder toestemming oor, sal daar dalk nooit weer van jou gehoor word nie
♦Steek jy die Kubaanse grens onwettig oor, beland jy in 'n tronk en word daar van jou vergeet.

Maar as jy die Suid-Afrikaanse grens oorsteek, kry jy:

•'n Werk
•'n Rybewys
•'n Pensioenkaart
•Welsynstoelaes
•Gratis onderwys
•Kredietkaart
•'n Huis
•Gratis gesondheidsorg met voordele.
•Wapens van jou keuse

EN IN SUID-AFRIKA KAN JY

►moor;
►dwelms gebruik;
►drink en bestuur
►steel
►verkrag
►betoog
►brand en vernietig enkorrupsie pleeg

MAAR SUID-AFRIKANERS mag nie in 'n penbare plek, jou motor of jou huis rook nie en kan daarvoor tronk toe gaan.

LAG ASSEBLIEF SAAM OOR HOE DIE LAND SY GAT GESIEN HET.

KINDERLIKE ONSKULD

Naaktheid: Ek en my drie klein seuntjies was eendag op pad winkel toe toe die dame in die afslaankap voor ons ewe skielik opstaan en vir almal waai.
Sy het nie 'n draad klere aangehad nie.
Terwyl ek nog besig was om oor die skok te probeer kom, hoor ek my 5-jarige van agter af sê:
"Mamma, daai tannie het nie haar *safety belt* aangehad nie!"

GOEIE VRAAG

Die pa besoek sy seun op universiteit. Hy word 'n laboratorium gewys, waar verskeie studente met proefbuise en dinge besig is.

"Wat doen hulle?" vra die pa.

"Ons probeer om 'n universele oplosmiddel te ontdek," sê die seun.

"Wat is dit?"

"Dis 'n vloeistof wat enigiets sal oplos."
Die pa het 'n rukkie staan en dink, en vra toe:

"En waarin gaan julle die vloeistof aanhou?"

Die reine waarheid

Die hoogs gerespekteerde chirurg was een aand besig om voor die TV te ontspan net nadat hy van die hospitaal af tuisgekom het. Net toe hy op die nuus inskakel, lui sy telefoon.

Hy het dit kalm beantwoord, en die bekende stem van 'n kollega gehoor.

"Ons speel poker, en ons het 'n vierde hand nodig," sê die kollega.

"Ek kom dadelik," sê hy saaklik.

Hy was net besig om sy baadjie aan te trek, toe sy vrou vra:

"Is dit ernstig?"

"O ja," antwoord hy skor. "Om die waarheid te sê, daar is reeds drie ander dokters daar!

Op sy grafsteen

Die weduwee laat die woorde "Rus in Vrede" op haar man se grafsteen aanbring. Toe vind sy uit hoe hy haar verkul het.
Sy vra die grafsteenmaker om dit te verander, maar hy sê hy kan nie.
Weduwee: "Nou voeg dan by 'Tot ons weer ontmoet.'"

As jy veronderstel was om jou knieë te raak, sou hulle by jou tone gesit het.

Stamboom

ONSDORP se afdeling vir familiesoekers

Die maand se eerste vanne ontvang:

Gaan na www.onsdorp.com/stamboom en kyk uit vir jou eie van.

de Beer netkleynhans@gmail.com
Ek soek asb inligting van my de Beer stamboom. al inligting wat ek het:
Piet (Petrus) Johannes de Beer glo uit Kaapstad erens ontmoet Catharina Lousa van Niekerk in Hekpoort omtrent in 1931 of 1932 en trou. Hulle woon in Hekpoort en daar is op 'n plaas van hul 14 kinders gebore, daarna trek hulle na Krugersdorp waar die ander kinders gebore is in Adler Straat Burgershoop. Piet de Beer werk by die Krugersdorp Slagpale waarna hy na aftrede in 1975 sterf. Catharina de Beer sterf in 2003. Kan iemand my asseblief help met ander inligting. Piet de Beer het broers, Karel, Freek de Beer. Catharina het sussies, Lalie van Niekerk (getroud met 'n Bezuidenhout) Poppie van Niekerk en Engela Van Niekerk.
Jonker vicjonker@gmail.com Gebore : Springs 3 Okt 1949
Buys chrisjcbuys@gmail.com
My pa was Gert Hendrik Jacobus Buys.gebore 3 oktober1917.op Dordrecht..
Nog vanne wat ingekom het: Peddle,Pretorius en Du Toit

Gaan na www.onsdorp.com/stamboom en kyk uit vir jou eie van.

Rekenaars

Tegnikus: "Watter soort rekenaar het jy?"
Vroulike klant: " 'n Wit een."

Tegnikus: "Klik op 'My Computer' links op jou skerm."
Klant: "Jou links of my links?"

Tegnikus: "Goeiedag! Hoe kan ek help?"
Manlike klant: "Hallo. Ek kan nie druk nie."
Tegnikus: "Klik asseblief vir my op 'Start'."
Klant: "Luister, pel, moenie met my staan en tegnies raak nie. My naam is nie Bill Gates nie."

Klant: "Ek het 'n probleem - ek kan nie in rooi druk nie."
Tegnikus: "Het jy 'n kleurdrukker?"
Klant: "Aaaa! Dankie!"

HELP, DOKTER!

"Dokter, dokter, jy moet my help! Almal ignoreer my."
"Volgende, asseblief!"

WENK VIR GROOT ORE

In die oudae was Petrus Steyn se registrasienommer ORE.

En toe kom Die Plan

In die begin was daar 'n plan.
En toe kom die aannames.
En die aannames was sonder vorm.
En die plan was sonder substans.
En 'n groot mismoedigheid het oor die werkers neergedaal.
En hulle het onder mekaar gemor en gesê:
"Dis sommer net 'n pot stront wat stink."
En die werkers het na hul voorman gegaan en gekla:
"Dis 'n emmer ekskrement en dit walm sodat geen mens dit daarmee kan uithou nie."
En die voorman is met die klagte na sy bestuurder en rapporteer aan hom:
"Dis 'n houer vol ontlasting en ruik so sterk dat niemand dit kan uitstaan nie."
Die Bestuurder is na die direkteure en lewer verslag:
"Dis 'n sak kunsmis wat se sterkte onbeperk is."
En die direkteure het onder mekaar gepraat en gesê:
"Dit bevat 'n plantvoedsel wat baie kragtig is."
En die Direkteure is na die visepresidente met die boodskap:
"Dit bevorder groei en is baie magtig."
En die visepresidente vertel die president:
"Die nuwe plan sal groei en vordering met besondere voordele vir maatskappy bring."
En die president het na die plan gekyk en gevind dat dit goed was.
En die plan het maatskappybeleid geword.

En soos die Engelsman sou sê:
"This is how shit happens."

AGTEROS
Net voor uitspantyd

Net onderwysers sal dit verstaan!

Deur Renate Strydom Engelbrecht

Dis die derde periode, die een net na pouse. Ek het al klaar krisisbeheer toegepas nadat 'n klomp seuns van buite af op my tafel afgestorm gekom het soos 'n toneel uit Jurassic Park. Hulle is nog nat gesweet, met 'n sokkerbal onder die arm.

"Juffrou, mag ek badkamer toe gaan?" Die logiese en regverdige deel van my wil gil: "DIT WAS NOU NET BLERRIE POUSE!", maar ek het al geleer sekere oorloë kan nie gewen word nie.

Na 'n gesukkel en omkopery kry ek uiteindelik 'n vorm van 'n boek uit hulle tasse en op hulle tafels. Ek is nie geflous nie – ek weet met nadere inspeksie sal ek vind dat twee of drie 'n Biologie-boek is en êrens skuil daar definitief 'n Wiskunde-werkkaart wat onder uitgeloopde Fanta deurgeloop het, maar ek is dankbaar vir die feit dat hulle ten minste nog PROBEER om vir my te lieg.

'n Optimis sou sê dit tel as vordering. My ma sou sê dis blerrie onbeskof.

Ek haal diep asem en met my witbordmerker staan ek gereed. Gisteraand half elf was ek nog besig om prentjies te soek van zombies (grillerig genoeg dat hulle moet dink dis cool, maar nie te grillerig dat ek 'n histeriese e-pos van 'n vegetariese ma kry nie).

My PowerPoint is foutloos – jy kan van dit af eet. Dis ook tien teen een die rede waarom ek nog single is; watter man gaan aan die slaap raak met sy vrou wat met haar skootrekenaar se skerm in sy oë skyn of hom wakker maak met die vraag: "Liefie, wat is Fortnite?"

My stembande vibreer soos ek my juffrou-stem projekteer: "Reg! So, ons trek nou by hoofstuk 8. Hoekom het Liza vir Jake met die bord gegooi?" Hulle kyk my aan asof ek vir hulle vra waar Dawid die wortels gegrawe het. Hulle oë is glaserig, soos die van 'n fonteinpadda wat in hoofligte vaskyk.

"Agge nee, man! Ons het gister hierdie deel gelees!"

Skielik skiet daar 'n hand op. Prys die Heer met blye sang!
"Ja, Liam?"

Sonder huiwering – "Juffrou… Hoe laat begin die volgende periode?"

Dit voel of ek twee krokodille gelyktydig kan borsvoed. Ek herinner myself dat ek nie nou aan 'n hartaanval kan sterf nie – ek het nie een van my mooi panties aan nie en as hulle my hier op die grond moet kom optel, skaam ek my dood vir my grys gevaarte met die vaalgewasde pienk blommetjies op wat ek vanoggend aangetrek het.

Ek haal diep asem en draai woordloos om. Party giggel en ek kan 'n onderlangse "idioot!" uitmaak. Ek lig my hand (en my oë op na die berge) en begin die antwoord op die bord skryf.

Iewers tussen 'n "i" en 'n "e" tref dit my. My neusgate brand en my broodjie wat ek pouse afgewurg het, dreig om na die oppervlak te kom. Dit ruik soos 'n verwaarloosde straathond wat op die strand in die reën rondgehardloop het en toe in 'n drie dae oue robkarkas gaan rondrol het.

Iemand het gepoep.

Ek draai so vinnig om dat ek skoon lighoofdig is (alhoewel dit ook moontlik van die reuk kon wees). Ek gluur oor die see van verskrikte oë. Wanneer my woorde uitkom, is hulle kort en kragtig.

"Wie. Was. Dit?", sis ek.
Stilte.

Wat voer hierdie ouers hulle kinders? Geen gesonde wese kan so 'n reuk produseer sonder om medici, die kerk en die weermag bekommerd te hê nie. Die skuldige het verdwyn soos 'n poep in 'n glyerige nagrok.

"Ek kan nie glo ek moet vir 'n klomp veertienjariges verduidelik: JY POEP NIE IN 'N BEKNOPTE SPASIE NIE! Het jy GEEN maniere nie?! So, nie net moet ek Afrikaans in jou klapperdop probeer kry nie, maar ek moet vir jou maniere ook leer?"

Almal draai soos een man na 'n rooikopkind agter in die hoek van die klas. Hy sweet soos 'n ou tannie by 'n Bobby van Jaarveld-konsert. Hy moet nog in sy ore en sy baadjie ingroei.

"Max, was dit jy?"

Sy oë vlieg heen en weer. Sy hele menswees skree: "Help!". Myne ook.

"Uh…Uh… Nee. Juffrou."

"Nou as dit nie jy was nie, wie was dit?"

Sy senu-sweet vorm al 'n plassie onder sy stoel.

"Ek weet nie, juffrou."

En hy laat sommer nog een vry onder die druk van die oomblik.

"Nou as jy nie weet nie, wie gaan weet?"

Die kinders om hom se oë begin traan. Een se neus raak aan die bloei.

"Nee, sies man! Gaan badkamer toe en kom terug as jy beter voel."

Die kind staan op en loop met Steve Buscemi-oë by die klas uit. Ek haal diep asem, maar hierdie keer maak ek seker ek doen dit in die rigting van die deur. Die oopmaak daarvan bring 'n verwelkomde vars briese wat my van die afgrond van omslaan keer. Weer draai ek om, met my rug na die klas en skryf verder op die bord.

Terwyl ek skryf, met die laaste bietjie vertroue in die jeug van vandag, vra ek:

"So, wie kan vir my sê hoekom Liza vir Jake met die bord gegooi het?"

Ek draai om met die verwagting om 'n klomp ywerige hande in die lig te sien. Ek is teleurgesteld. Net een.

"Ja, Liam?"

Geen huiwering.

"Juffrou, jy't nog nie gesê hoe laat die volgende les begin nie."

En dis hoekom ek drink

VOLGENDE KAMMANUUS OP 13 NOVEMBER 2018

KAMMANUUS het sy maksimum verspreidinggrootte bereik, maar as jy op hierdie skakel klik, kan jy KAMMANUUS EKSTRA maklik self aflaai: www.onsdorp.com/ekstra.html